J. L. M. FRANKEN, *Piet Retief se lewe in die Kolonie*. H.A.U.M. h/a J. H. de Bussy, Kaapstad-Pretoria, 1949.

Die beste geskrif van Dr. PRELLER is sy lewensbeskrywing van Piet Retief, net soos sy lewensbeskrywing van Andries Pretorius die swakste en die onbetroubaarste is. En tog, 'n standerd biografie van Piet Retief is nog altyd broodnodig. Dr. Preller was in die eerste plek 'n joernalis, en het vir sy geskrifte so goed as geen argiefwerk gedoen nie. Hy behoort meer tot die geskiedskrywers waartoe ook CARLYLE gereken moet word: op die letterkundige, die romantiese word gelet, en die feite moet daarin pas.

En nou kom Professor FRANKEN en bied ons 'n lywige deel van 560 bladsye oor Piet Retief se loopbaan in die Kolonie, nog voor die Groot Trek.

Dit was die Trek wat Retief belangrik gemaak het, en waarin hy 'n held geword het, en waardeur sy nagedagtenis vereer word. Die boek van Franken kan dan ook alleen 'n inleiding vorm tot die Retief van die Trek. As hierdie inleiding 560 bladsye moet beslaan, hoeveel dan nie 'n boek oor Retief van die Trek nie! Prof. FRANKEN is uitvoerig, baie uitvoerig. Sy werk berus op 'n jarelange navorsing in die argiewe, en mens kry die indruk dat hy dit jammer gevind het om selfs die kleinste besonderheid wat regstreeks of onregstreeks met

Retief in verband staan en wat deur hom opgespoor is, aan die vergetelheid te ontruk. Dit maak dat die boek 'n pakhuis vol gegewens is, gegewens wat deur geskiedkundiges op verskillende gebiede gebruik kan word. Daarom is dit so jammer dat die boek nie van 'n persoons- en 'n sakeregister voorsien is nie. Ons het alle eerbied vir die geduld en volharding van Prof. FRANKEN, en sou hom ernstig in oorweging wil gee om alsnog volledige registers te publiseer. Dit sal die waarde van die boek verdubbel.

S. P. ENGELBRECHT.